# Aasvoëlkrans Februarie 2016 Gebiedskamp Gouweste



Ontspan en kuier was die wagwoord van die naweek se kamp en Francois ons gebiedsvoorsitter en kampkomandant het dit baie goed reg gekry om almal in 'n rustige stemming te plaas.

Die program vir die naweek het in 'n neutedop so daar uit gesien.

- Boekevat Vrydag
- Kuier
- Boekevat Saterdag oggend en kort Gebiedsvergadering.
- Saterdag aand saam braai en … kuier.
- Sondag oggend Kerk en … kuier.

Wat meer kon mens voor vra, nie eers die reën van Vrydag aand het die rustige stemming omkrap nie.



Foto geneem van Aasvoëlkrans Facebook

Ietsie om " aan te kou" van Facebook



# Van toeka tot Nou.









So stap die jare aan en net soos goeie rooiwyn raak ons beter, of raak ons? Weisheid het ons beslis geleer mensekennis het ons op gedoen én 'n paar goed by gekry waarvan ons nie altyd hou nie maar dis daar waar die weisheid inkom om dit wat jy nie kan verander nie aanvaar jy en voeg maar 'n X of twee by die L. Van die kwale nie eers te praat nie.

Maar een keeer per maand kom daar 'n groep by mekaar en daar word die beste "rooiwyn" oop gemaak. Dit is natuurlik by die Goudrif fees. Daar ver-geet jy van die pyne, die rolle en al die goed wat pla deur die maand, want by die streek met durf gebeur dinge vir oud en jonk!




Dankie Facebook

# Terug by die naweek







Soos reeds gesê gaan Goudrif groot ons eie musiekant het vie die vermaak gesorg  terwyl die ander lekker besig was met 'n knop en doop poging wat almal baie geniet het. Oud en jonk het gedeel in die pret en almal het hulle skeppings droog gewens sodat daarmee gespog kon word.


















Wat is nou lekkerder braai en kuier. Dis mos hier waar 'n hele klomp "probleme " gesort word.




Sondag na kerk saam met gebied goueweste was dit kampafsluiting. Goudrif het nuwe gesinne by gekry en die boetes het weer geloop.





# VOOR ONS RY...









# Die Presidente is om die draai

## Goudrif maak 'n draai in Italië



## Pizzapie oor die kole!!

# Kom geniet!

# Die als in een ete.